**Toelatingsvereistes en Keuringsriglyne vir voorgraadse programme**
**Fakulteit AgriWetenskappe**
**2022 inname**

## DOEL

Hierdie dokument bevat die riglyne wat gevolg word in die aansoek-, keurings-, en toelatingsprosedures vir voorgraadse programme wat deur die Fakulteit AgriWetenskappe aangebied word. Die keurings- en toelatingsproses geskied ooreenkomstig met die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch (US).

## SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

Aansoeke sluit 31 Julie 2021 vir die 2022 akademiese jaar. Laat aansoeke sal aanvaar word tot 30 September. Toelating is onderhewig aan beskikbare plekke in die onderskeie programme.

## RESULTATE WAT GEBRUIK WORD

### Huidige Graad 12 aansoekers

In die geval van voornemende studente wie nog op skool is, sal die finale Graad 11 uitslae gebruik word om te bepaal of aansoekers kwalifiseer vir ‘n aanbod van die Fakulteit AgriWetenskappe. Hierdie aanbod is voorwaardelik en onderhewig daaraan dat die aansoeker ook aan die minimum vereistes met sy/haar Graad 12-uitslae voldoen. Indien ‘n aansoeker die aanbod aanvaar en wel met sy/haar Graad 12-uitslae aan die vereistes voldoen, sal die voorwaardelike aanvaarding omgeskakel word na finale aanvaarding. Indien ‘n aansoeker se Graad 12-uitslae nie aan die minimum vereistes voldoen nie, kan die aansoeker versoek om oorweeg te word vir ‘n Verlengde Graadprogram (VGP).

### Aansoekers wie reeds matrikuleer het

Indien voornemende studente aansoek doen en reeds hul Graad 12 jaar voltooi het, word hul Graad 12-uitslae gebruik om te bepaal of aansoekers kwalifiseer vir ‘n aanbod.  Indien ’n aansoeker gekeur word en die aanbod van die Fakulteit aanvaar, sal finale toelating aan die aansoeker verleen word.

## ANDER SKOOLSTELSELS

**School of Tomorrow aansoekers:** Toelating aan voornemende studente wat vanuit die School of Tomorrow skoolstelsel kom, sal oorweeg word op grond van die uitslae in die Nasionale Normtoetse (NNT’s):

- Akademiese Geletterheid (AL) - 55%
- Kwatitatiewe Geletterdheid (QL) - 55%
- Wiskunde (MAT) - 50%

**Internasionale kwalifikasies:** Voornemende studente wie met internasionale skoolkwalifikasies aansoek doen, se Wiskunde-, Chemie- en Fisika punte moet vergelykbaar wees met die vereiste NSS (Graad 12) standaard. Wiskunde, Chemie en Fisika op IGSCE/GCSE/NSSC OL/O-vlak, kwalifiseer nie vir toelating nie. Alle navrae rakende Internasionale kwalifikasies moet gerig word aan die US Internasionale Kantoor (Tel 0218082565, E-mail interoff@sun.ac.za).

**NASIONALE NORMTOETSE (NNT's):** Dit is verpligtend vir aansoekers vanuit die School of Tomorrow skoolstelsel om die NNTs te skryf. Alle ander aansoekers hoef nie die NNT's te skryf nie.

**MINIMUM TOELATINGSVEREISTES VIR HOOFSTROOMPROGRAMME**

Vir hoofstroom programme moet aansoekers aan die volgende vereistes voldoen om oorweeg te word vir keuring:

**Basiese minimum vereistes vir toelating tot universiteitstudies:**

- ‘n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) skooleindsertifikaat, soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudie.
- ‘n Universiteitsvrystellingsertifikaat uitgereik deur die Suid Afrikaanse Matrikulasieraad vir studente wat ander skoolkwalifikasies behaal.
- Die minimum akademiese vereiste vir ‘n baccalaureusgraad is:
    - 30% vir ‘n Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Engels of Afrikaans) en
    - ‘n prestasievlak van 4 (50% - 59%) in vier 20-kredietvakke
- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNT's) – slegs School of Tomorrow aansoekers

**Fakulteitspesifieke vereistes:**

- ‘n Gemiddeld van ten minste 60% in die NSS, IEB of ekwivalente skool eksamen.
  Die gemiddeld word bereken deur die hoogste punt in Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Afrikaans of Engels) + (5 x beste resultate in 20-krediet vakke uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde 3). Hierdie totaal word dan deur 6 gedeel en is jou NSS gemiddeld.
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappes (Fisika en Chemie) 4 (50%)

Benewens die fakulteitspesifieke vereistes, vereis toelating tot die program **BScAgric (Plant en Grondwetenskappe) met Grondkunde en Chemie as hoofvakke** ook:

- Wiskunde 6 (70%)

Benewens die fakulteitspesifieke vereistes, vereis toelating tot die program **BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde)** ook:

- Wiskunde 6 (70%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 5 (60%)

Vir die **BAgric** program soos aangebied deur Elsenburg Landbou Kollege moet aansoekers aan die volgende vereistes voldoen om oorweeg te word vir keuring:

- ‘n Gemiddeld van ten minste 55% in die NSS, IEB of ekwivalente skool eksamen.
  Die gemiddeld word bereken deur die hoogste punt in Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Afrikaans of Engels) + (5 x beste resultate in 20-krediet vakke uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde 3). Hierdie totaal word dan deur 6 gedeel en is jou NSS gemiddeld.
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisioele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 4 (50%) OF Wiskundige Geletterdheid 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%) OF
- Lewenswetenskappe 4 (50%) OF
- Landbouwetenskappe 4 (50%)

Neem kennis: Elsenburg Landbou Kollege hanteer die keuring vir die BAgric graadprogram en kommunikeer direk met kandidate.

**MINIMUM TOELATINGSVEREISTES VIR ‘N VERLENGDE GRAADPROGRAM (VGP)**

Enige aansoeker wie voorwaardelik tot ‘n hoofstroomprogram toegelaat is, mag versoek om oorweeg te word vir ’n VGP. Aansoekers kan op grond van sy/haar skoolprestasie deur die Fakulteit aanbeveel of verplig word om ‘n betrokke VGP te volg. ‘n Maksimum van 50 studente word per jaar toegelaat vir die VGP programme. Voorkeur word gegee aan studente uit benadeelde sosio-ekonomiese en onderwys benadeelde omgewings.

Voornemende studente aan wie ‘n voorwaardelik aanbod vir toelating tot ‘n hoofstroomprogram op grond van Graad 11-punte gemaak is, maar nie op grond van sy/haar finale Graad 12-punte voldoen aan die programvereistes nie, kan versoek om oorweeg te word vir ‘n VGP program indien die aansoeker aan een van die volgende kategorië se vereistes voldoen:

| | VGP in die programme wat lei tot:<br>BScAgric<br>BScBosb<br>BSc Bewaringsekologie<br>BAgric (Agri-besigheidsbestuur): | VGP BScAgric (Plant en Grondwetenskappe) met Grondkunde en Chemie | VGP BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde) |
|---|---|---|---|
| **KATEGORIE 1** | Gemiddeld ≥55% | Gemiddeld ≥55% | Gemiddeld ≥55% |
| | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatings-vereistes |
| **KATEGORIE 2** | Wiskunde 4 (55% - 59.9%) | Wiskunde 5 (60% - 69.9%) | Wiskunde 5 (60% - 69.9%) |
| | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatings-vereistes |
| **KATEGORIE 3** | Fisiese Wetenskappe 3 (45% - 49.9%) | Fisiese Wetenskappe 3 (45% - 49.9%) | Fisiese Wetenskappe 4 (55% - 59.9%) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatingsvereistes | Voldoen aan **AL** die ander toelatings-vereistes |

**DIE KEURINGSPROSES**

Die Fakulteit het 'n inskrywingsteiken van 430 nuweling eerstejaars vir die 2022 akademiese jaar. Die inname moet teen 2024 40% diversiteitskandidate insluit. Daar is nie vasgestelde teikens per program nie, maar die inname van studente oor die 7 breë programme, soos aangebied in die Fakulteit word omsigtig bestuur.

| | Maksimum aantal aanbiedinge (oorbespreking getalle ingesluit) | Finale aantal registrasies |
|---|---|---|
| Bewaringsekologie | 55 | 45 |
| Bosbou en Houtwetenskappe | 45 | 30 |
| Landbou Ekonomie | 75 | 50 |
| Plant & Grondkunde | 75 | 60 |
| Veekunde | 55 | 45 |
| Voedselwetenskap | 55 | 50 |
| Wingerd- en Wynkunde | 50 | 40 |
| Verlengde Graadprogram | 50 | 50 |
| BAgric (Elsenburg program) | 60 | 60 |

Die beginsel van oorbespreking word toegepas om te kompenseer vir kandidate wat voorwaardelik toegelaat is, maar nie hulle studieplekke inneem en as studente registreer nie. Die oorbesprekingskoers word jaarliks hersien en aangepas by veranderende aansoek- en registrasietendense.

Keuring geskied suiwer op grond van akademiese meriete. Keuring is nie gewaarborg nie, selfs al voldoen kandidate aan die die minimum toelatingsvereistes.

Alle volledige aansoeke sal soos volg oorweeg word:

| **Volledige aansoeke ontvang** | **Fakulteit Keuringslys** | **Keuring** | **Kommunikasie aan aansoekers** |
|---|---|---|---|
| 6 – 30 April | 3 Mei | 4 Mei | 6 Mei |
| 1 – 31 Mei | 1 Junie | 2 Junie | 4 Junie |
| 1 – 30 Junie | 1 Julie | 2 Julie | 5 Julie |
| 1 – 31 Julie | 2 Augustus | 3 Augustus | 5 Augustus |
| 1 – 31 Augustus | 1 September | 2 September | 6 September |
| 1 – 30 September | 1 Oktober | 4 Oktober | 6 Oktober |

**5. Keuringskomitee**

Keuring word deur ŉ keuringskomitee, soos saamgestel deur die dekaan van die fakulteit, gedoen. Alle besluite rakende keuring word deur die dekaan bekragtig voordat dit aan kandidate gekommunikeer word en is dus ŉ finale besluit. Alle navrae rakende die keuringsproses en uitkomste daarvan word deur die Fakulteitsekretaris hanteer